

M A R K U S
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS


Die kunstenaar Raphael se laaste werk (wat hy nie kon voltooi nie agv sy afsterwe), was dié van Markus 9:1-13.  Iemand anders het dit vir hom voltooi.

In dit sien ons die verheerliking op die berg, die drie-enigheid en die drie geliefde dissipels Johannes, Petrus en Jakobus saam met Jesus.

Die onderkant van die skildery is egter nie losstaande van die boonste soos baie mense gedink het nie – maar ‘n tentoonstelling van die verse daarna toe Jesus en die drie dissipels weer die mense aan die onderpunt van die berg ontmoet het en ‘n besete seun genees is.

*Wat sien jy wat besonders is in die skildery?*





# MARKUS 9:1-13

**Lees nou Markus 9:1-13.**

Let op die volgende:

- *Hoe reageer Petrus?*
- *Hoe lyk Jesus vir die dissipels?*
- *Hoe sien ons die drie-enigheid (God, Jesus en Heilige Gees)?*

Die verheerliking op die berg verwys na ‘n groot gebeurtenis waar Jesus se fisiese voorkoms radikaal verander het om iets van Sy hemelse glorie aan die dissipels te openbaar.  Party vertalings sê Jesus was witter as bleikmiddel.  Dit herinner aan die beeld wat daar van Jesus beskryf word in Openbaring 1 – waar wit suiwerheid/ reinheid/ verlossing en oorwinning verteenwoordig.



Petrus wil daar en dan tent opslaan – drie hutte bou vir Elia, Moses en Jesus.  Dalk wou hy sou ‘n rukkie langer nog in die wonderlike glorie van Jesus ontspan, die oomblik inneem…

Interessant genoeg verwys hierdie hutte eerder na die Hutte-fees (Sukkot) wat gevier was as nagedagtenis aan die Israeliete se lyding 40 jaar in die woestyn.  Hulle het in eenvoudige hutte gebly tydens hul woestynreis… Die huttefees het behels dat hutte opgerig word om oorwinning en vervulling van God se beloftes te vier.

Met Jesus se wit voorkoms wat oorwinning aankondig, was hy vir seker reg om hut op te slaan en die oorwinning te vier!  Hy was reeds in die hemel!

Maar die verheerliking was net ‘n venster op die hemel… Jesus moes nog die paadjie na die kruis stap… en Hy het die dissipels net in die vorige hoofstuk uitgedaag om ook hierdie paadjie te volg…. Die paadjie wat aan die onderpunt van die berg op hulle gewag het.

*Voel jy soms jy kan ook wegkruip op ‘n berg, weg van realiteit en daaglikse eise van die lewe? Hoe dink jy het die drie dissipels gevoel na hul ontmoeting met Jesus in Sy volle glorie?*

Die verheerliking was God se manier om hul geloof te versterk en hul moed te gee vir dit wat hul nog in die lewe moet aanpak.

Lees nou **Markus 9:14-29**.



# MARKUS 9:14-29

*Wat staan vir jou uit in die lewe aan die voet van die berg?  Hoe lyk dit anders as die situasie op die berg?  Wat beteken hierdie aanhaling vir jou:*

**Everywhere we look, there is suffering.  But Jesus is not calling us to look.  He is calling us to listen.**

Die paadjie na oorwinning is lank en swaar… maar dis die paadjie van die lewe.

Die verheerliking op die berg was bedoel om die harte van die dissipels te verander… sodat hulle God se glorie in die wêreld kan ten toonstel, ten spyte van lyding en swaarkry.

Die verheerliking gee vir ons hoop en krag om nie moed te verloor in die swaar tye nie.

*Hoe dink jy behoort Christene, met die oog op die verheerliking, anders te dink oor lyding en swaarkry?  Hoe kan ons dit anders hanteer?*

In plaas van bitterheid, woede, vrees, ongeloof… kan lyding ons meer genadig, gelowig en nederig maak.



In die Bybelse tyd het hulle dikwels wit klippies gebruik.

- Om hul nekke as ‘n teken dat jy aan God behoort/ uitgekies is (Openbaring 2:17)
- Tydens ‘n verhoor het die regter sy uitspraak gegee deur ‘n wit klippie vir onskuld in die bakkie te gooi of ‘n swart klippie vir skuldig
- As jy ‘n wit klippie gehad het, kon jy dikwels voordele kry soos ekstra kos, guns of beter sitplek

Jesus wil ons totaal wit en nuut maak soos wat Hy op die berg was... maar dis ‘n lang proses van heiligmaking en ons moet bereid wees om die paadjie te stap.

Hy gee vir jou ‘n klippie, maar jy moet die pad van verandering stap.



# HANDELINGE 14:22

‘HULLE HET DIE DISSIPELS GEESTELIK VERSTERK, HULLE AANGEMOEDIG OM IN DIE GELOOF TE VOLHARD EN GESÊ: “ONS MOET DEUR BAIE ONTBERINGS HEEN IN DIE •KONINKRYK VAN GOD INGAAN.”



Die word “verheerliking” in die Grieks wat Markus gebruik is eintlik “metamorf”, wat beteken metamorphose/ verandering/ transformasie. Hy wil ons denke en ons harte verander en vernuwe sodat ons die paadjie in die vallei kan stap.

*Hoe het ouerskap jou kom verander?*

*Hoe het jou huwelik jou kom verander?*

*Hoe het goeie geleenthede jou al kom verander?*

*Hoe het slegte omstandighede jou al verander?*

*Waar wil jy graag hê moet daar steeds verandering kom?*

Ons moet verander – dis ‘n gedurige, langsame proses - en die moeite werd, maar die oorwinning is nog nie finaal nie.  Daar’s werk!


HOLY BIBLE

Nuwe denke, nuwe liggaam, nuwe klere, nuwe mens vra ook van ons om met nuwe wapens in die styd teen lyding en swaarkry te gebruik.

Kyk weer na die teks in Markus 9:14-29. *Met watter wapens het die dissipels die seun se siekte probeer genees?* Lees die laaste vers (29). *Watter wapen het ons nodig vir die stryd? Watter ander wapens dink jy is van pas vir die paadjie om Jesus te volg?*

Gebed. Geloof. Hoop. Genade. Liefde. Jesus het met Sy verheerliking op die berg weer die dissipels kom toerus en herinner aan die hoop en oorwinning wat vir ons wag, die nuwe wit kleed wat ons sal dra as ons aanhou in geloof en gebed.

- JESUS IS OP DIE BERGE EN IN DIE VALLEI – HY IS ORAL KONING
- ONS HET ALMAL DIESELFDE BERG(E) OM TE OORBRUG
- KLIM VAN JOU BERG AF, RAAK PRAKTIES
- LÊ JOU WAPENS NEER…
- VERHEERLIKING/ VERANDERING IS KONSTANT

KULUAR
KULUARPOHOD.COM

# GEBED

Here, dankie dat U vir my 'n venster van die hemel kom wys waarmee ek die storms van die wêreld kan oorwin. Help ons om hierdie wapens van oorwinning ook in ons alledaagse lewe te gebruik.

Kom verander ons, vernuwe ons denke en klee ons met U glorie elke dag!

AMEN.

Lees **2 Kor 5:1-10**

# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS